# Bybelvasvra: Scary Stories in die Bybel

## 1. STORIE: ‘n Vrou verander in ‘n soupilaar – Genesis 18:20 - Gen 19

**a. Vraag**: Wie was die vrou wat in ‘n soupilaar verander het?
**Antwoord**: Lot se vrou.

**b. Vraag**: Hoekom het sy in ‘n soutpilaar verander?
**Antwoord**: God het gesê sy mag nie omkyk toe Hy die stad verwoes het nie.

**c. Vraag**: Watter stad het God verwoes?
**Antwoord**: Sodom en Gomorra.

**d. Vraag**: Hoekom het God vir Sodom en Gomorra verwoes? (Gen 18:20)
**Antwoord**: Hulle sonde was baie groot gewees.

**e. Vraag**: Hoe het God vir Sodom en Gomorra verwoes?
**Antwoord**: God het swael en vuur uit die hemel op hulle laat reën en hulle so verwoes.

## 2. STORIE: Vuur uit die hemel – 1 Konings 18-19

**a. Vraag**: Watter profeet het gebid dat God vuur uit die hemel moes stuur?
**Antwoord**: Elia

**b. Vraag**: Hoekom het Elia vir vuur uit die hemel gebid?
**Antwoord**: Om aan die volk Israel te wys Wie regtig God is.

**c. Vraag**: Wat het die vuur uit die hemel verbrand?
**Antwoord**: Alles wat op die altaar was, die offer, die hout, die klippe en die grond, dit het selfs die water in die sloot opgelek.

**d. Vraag**: Wat het Elia die volk beveel om te doen nadat hulle erken het dat God die Here is?
**Antwoord**: Die volk moes al die Baäl profete vang, en Elia het hulle doodgemaak.

**e. Vraag**: Wie wou vir Elia laat doodmaak omdat hy die Baäl profete doodgemaak het?
**Antwoord**: Isebel, koning Agab se vrou.

## 3. STORIE: ‘n Baie vet koning word vermoor – Rigters 3

**a. Vraag**: Ons lees in Rigters van ‘n baie vet koning wat vermoor is, wie was hy gewees?
**Antwoord**: Koning Eglon

**b. Vraag**: Hoe lank was die swaard van die man wat hom vermoor het?
**Antwoord**: ‘n Halwe meter lank.

**c. Vraag**: Wat het met die swaard gebeur toe die koning daarmee gesteek word?
**Antwoord**: Die koning was so vet dat die hef van die swaard in sy maag ingegaan het, die vet het oor die swaard gepeul sodat die swaard nie uitgetrek kon word nie.

## 4. STORIE: Met ‘n tentpen deur die kop geslaan – Rigters 4

**a. Vraag**: Ons lees in Rigters van ‘n man wat dood is deur ‘n tentpen wat deur sy kop geslaan is, wie wat hy gewees?
**Antwoord**: Sisera die hoof van Jabin se weermag

**b. Vraag**: Wie het die tentpen deur sy kop geslaan?
**Antwoord**: ‘n Vrou (Geber se vrou)

**c. Vraag**: Hoekom het sy hom vermoor?
**Antwoord**: Hy was Israel se vyand gewees.

## 5. STORIE: 42 kinders word deur bere verskeur – 2 Konings 2:23-25

**a. Vraag**: Wat het die kinders gedoen voordat hulle deur die bere verskeur is?
**Antwoord**: Hulle het met Elisa gespot.

**b. Vraag**: Wat het die kinders vir Elisa gesê?
**Antwoord**: Hoër op, kaalkop!

**c. Vraag:** Waar het die bere vandaan gekom?
**Antwoord**: Elisa het die kinders vervloek in die Naam van die Here, omdat hulle hom gespot het, die bere het daarna uit die bosse gekom en hulle verskeur.

## 6. STORIE: Man en vrou val dood neer omdat hulle vir die Here lieg – Hand 5

**a. Vraag**: Wie was die man en vrou wat dood neergeval het omdat hulle vir die Here gelieg het?
**Antwoord**: Ananias en Saffira.

**b. Vraag**: Waaroor het hulle vir die Here gelieg?
**Antwoord**: Hulle het van die verkoopprys van hulle grond vir hulleself agtergehou.

**c. Vraag**: Hoekom was dit so 'n ernstige saak gewees?
**Antwoord**: Hulle kon met die geld gemaak het wat hulle wou, maar het daaroor gelieg.

**d. Vraag**: Wat het met die mense gebeur wat hiervan gehoor het?
**Antwoord**: Hulle het baie bang geword.

## 7. STORIE: 'n Leeu verskeur 'n jong profeet – 1 Konings 13

**a. Vraag**: Watter opdrag het die Here vir die jong profeet gegee?
**Antwoord**: Hy moes na die koning gaan, 'n boodskap vir hom gee, en met 'n ander pad teruggaan. Hy mag nêrens brood geëet het, of water gedrink het nie.

**b. Vraag:** Wie het hom oorreed om te saam met hom te eet en te drink?
**Antwoord**: 'n Ou Profeet

**c. Vraag**: Hoe het die Ou Profeet hom oorreed om saam met hom te eet en te drink?
**Antwoord**: Hy het gesê hy is ook 'n Profeet en dat 'n engel van die Here aan hom verskyn het, en vir hom gesê het dat hy vir die jong profeet kos en water moes gee.

**d. Vraag**: Hoekom het die leeu die jong profeet verskeur?
**Antwoord:** Omdat hy nie gedoen het wat die Here vir hom gesê het om te doen nie, het die Here die leeu gestuur om hom te verskeur.

## 8. STORIE: 'n Man word vir sy wingerd vermoor – 1 Konings 21

**a. Vraag**: Watter man is vir sy wingerd vermoor?
**Antwoord**: Nabot

**b. Vraag**: Hoekom is hy vir sy wingerd vermoor?
**Antwoord**: Die koning wou sy wingerd hê om vir hom 'n kruietuin daar plant, want die wingerd was langs die paleis gewees.

**c. Vraag**: Watter koning wou die wingerd hê?
**Antwoord**: Koning Agab

**d. Vraag**: Hoe is Nabot doodgemaak?
**Antwoord**: Koning Agab het manne opgesteek om vals teen Nabot te getuig, die mense het hom toe uit die stad gesleep en hom met klippe doodgegooi.

**e. Vraag**: Wie het die koning aangemoedig om dit te doen?
**Antwoord**: Sy vrou – Isebel

## 9. STORIE: ‘n Jongman se hare veroorsaak sy dood – 2 Samuel 18:9-14

**a. Vraag**: Watter jongman in die Bybel se hare het in ‘n boom vasgehaak?
**Antwoord**: Abasalom

**b. Vraag**: Hoe het dit sy dood veroorsaak?
**Antwoord**: Hy het in die boom aan sy hare gehang, en die manne kon hom toe met ‘n spies doodmaak.

**c. Vraag**: Hoeveel het Absalom se hare geweeg? (2 Sam 14:26)
**Antwoord**: Meer as 2kg

**d. Vraag**: Wie was Absalom se pa gewees?
**Antwoord**: Koning Dawid

**e. Vraag**: Hoekom wou hulle Absalom doodmaak? (2 Sam 15)
**Antwoord**: Absalom het homself koning oor Israel gemaak, sy pa Dawid het gevulg vir hom, omdat hy vir hom bang was. Dawid het gesê dat hulle saggies met hom moes werk (hom nie doodmaak nie), maar Dawid se manne wou hom doodhê oor wat hy gedoen het.

## 10. STORIE: ‘n Man se kop in ‘n skottel as geskenk – Matteus 14:1-13

**a. Vraag**: Wie is kop is in ‘n skottel as ‘n geskenk gegee?
**Antwoord**: Johannes die Doper s’n.

**b. Vraag**: Wie het sy kop as geskenk gevra?
**Antwoord**: Die die vrou van Koning Herodes se dogter.

**c. Vraag**: Hoekom het sy so ‘n geskenk gevra?
**Antwoord**: Johannes die Doper het vir koning Herodes gesê dat hy nie die vrou van sy broer as vrou kon neem nie. Sy wou hom hieroor laat doodmaak.

**d. Vraag**: Watter rol het Johannes in Jesus se lewe gespeel? (Matt 3:1-3 en 13-17)
**Antwoord**: Hy het Jesus gedoop, en ook die weg vir hom voorberei.

## 11. STORIE: ‘n Koning word deur wurms opgevreet – Handelinge 12:22-23

**a. Vraag**: Watter koning is deur wurms opgevreet?
**Antwoord**: Koning Herodes

**b. Vraag**: Hoekom is hy deur wurms opgevreet?
**Antwoord**: Die mense het van hom ‘n god gemaak, en hy het nie die eer aan die Here gegee nie, maar vir homself gevat.

**c. Vraag**: Waar het die wurms vandaan gekom?
**Antwoord**: ‘n Engel van die Here het hom getref.

## 12. STORIE: Die krag in ‘n dooie man se bene – 2 Konings 13:21

**a. Vraag**: Wie se dooie bene het ‘n man lewendig laat word?
**Antwoord**: Elisa se bene

**b. Vraag**: Hoe het die dooie man op Elisa se bene beland?
**Antwoord**: Hulle was besig om die man te begrawe, daar kom toe ‘n bende aan, hulle gooi toe die man se lyk in Elisa se graf.

**c. Vraag:** Wie was Elisa gewees?
**Antwoord**: Een van God se groot profete in die Ou Testament.